

27 Desember
Skrifgedeelte Galasiërs 1:11-24
Fokusgedeelte Galasiërs 1:14b,15

Ek ...en God

Want ek ...maar God – dit is die radikale teenstelling.

Want ek ...ek is verkeerd gerat, eiesinnig, selfgerig, dit is my plan, my insig, my belang.

Maar God ...Hy is alwys, ewig, dit is sy plan, Hy is volstrek in beheer.

Hy klop in my gewete, maar *ék* wil Hom definieer. Hoe fel het Paulus nie dié teenstelling ervaar nie: *want ek ...maar God*.

Wat was die *oorgelewerde leer* wat Paulus aangevuur het? Tradisies. Wette. Gebruike. Hiervolgens kwalifiseer jy om deel van God se volk te wees. Kortom: die oorgelewerde leer van die vaders was 'n leer van eie verdienste. Dit was 'n leer waarvolgens jy jou deelgenootskap aan die volk van God moes verdien.

Paulus kon met vuur sê: "*Want Ek!*" Dit was *ek* wat bygestaan het toe Stefanus met klippe doodgegooi is! Dit was *ek* wat die wette van die Fariseërs met geweld wou afdwing! Dit was *ek* wat op pad was om die Christene te gaan vermoor! Hoor jy die snik in Paulus se woorde?

Hierteenoor is daar God. God was altyd daar en God wou anders. Hy het my al voor my geboorte vir Hom afgesonder. Hy het my in sy genade geroep. Juig jy saam met Paulus?

Nou is dit nie meer *ek* nie, maar *Jesus Christus* in my, Christus wat vir my betaal het en sy lewe vir my gegee het. My planne is nietig verklaar. God se plan is nou in my lewe geteken.

Nou is dit nie meer *ek téén God* nie, maar *ek én God*.

Dr CJ Smit (Noordbrug)